| 20 Maart | NG Gemeente Kogelberg | 2026 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



**SONDAG 22 MAART 2026 SE EREDIENSTE:**

**09:00**
**Hangklipkerk**
Ds Heinrich Carstens
Joh 9:1-31

**09:00**
**Kleinmondkerk**
Ds Werner van den Heever
Psalm 130

LIG | DEERNIS | HOOP







LIVE

Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai.

YouTube

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond




SnapScan

Gebruik gerus die **SnapScan-opsie** om jou offergawe te gee.




## Ons betuig ons innige simpatie en meegevoel met...

*Familie en vriende van Gert Faul (Sb4) met sy afsterwe.*

*Miemmie Strydom (KB6) met Herman se afsterwe.*

## Lidmate wat voorbidding nodig het...

*Annette Havenga (Ba2), Grieta Swart (KP2) en Essie Groenewald (KP1).*

**KERKKANTOOR** ure

Maandag - Vrydag 10:00 - 13:00

**KONTAK** besonderhede

028 271 3470 info@ngkogelberg.co.za

NG KOGELBERG

vanaf 16:00

# KOS-& KUIERMARK

**Kos, koffie, koek & musiek met 'n tradisionele kerkbasaargeur.**

## VRYDAG 20 MAART

Pannekoek | Koektafel

Basaarpoeding | Teetuin

Lewerkoekies | Kerrie & Rys

Sosaties | Hamburgers

Jaffels | Kindertafel

**NG Kerksaal**
**1ste Laan 36 Kleinmond**



**Kaartjies te koop vanaf 15:30**

# Program vir die week

## 22 - 29 Maart 2026

## Sondag 22 Maart

**17:00** **Kogelberg Kids** (Kerksaal)

## Maandag 23 Maart

**09:30** GriefShare Kursus (Elza Marais)

**11:30** Preekwerksgroep (Kapel)

## Dinsdag 24 Maart

**09:30** HK Gebedsgroep (Hangklipkerk)

**11:00** Gerimed Biduur

**16:30** KM Gebedsgroep (Kapel)

## Woensdag 25 Maart

**08:00** Dagbestuur (Kapel)

## Donderdag 26 Maart

**06:00** HK Mannegroep (Hangklipkerk)

**06:30** Kogelberg Mannegroep (TYD)


**16:30** Eko-bestuur (Kapel)

**18:00** DivorceCare Kursus (Elza Marais)

## Baie Dankie!

Aan almal wat gehelp het met die pastorie-opknapping: DANKIE vir die entoesiasme, lang ure en deeglike werk! Spesiale dank aan Rudi Perold, Neil Viljoen, Joke Venter en Danie de Vaal. Ons verwelkom met trots ds Stephan en Chimoné in hulle nuwe tuiste!

# Dissipelskapreis





**Die Dissipelskapreis is 'n uitnodiging en toerusting om in 'n lewende verhouding met God, ons Vader te leef.**

Die materiaal is nie bedoel om net nog 'n kursus te wees nie, maar eerder om mense te begelei daartoe om in 'n egte verhouding van navolging of dissipelskap met God te leef. Daarom spandeer ons elke week tyd om met hierdie materiaal by God stil te word en werklik te leer om te onderskei waarmee God besig is in ons lewens. As ons dit doen, kan ons ook leer om na die Vader te luister en te doen wat Hy van ons vra.

Die proses vra 'n definitiewe *commitment* rondom persoonlike voorbereiding en groepsteenwoordigheid, sodat die groep saam kan ontdek wat God aan elkeen wil openbaar.

Die Dissipelskapreis begin DV op **Woensdag 8 April 2026** van 17:00 - 18:00 by ***Hangklipkerk*** in Pillansiaweg, Bettysbaai of 18:00 - 19:00 by ***Kleinmondkerk*** in Vierdelaan, Kleinmond. Inskrywings kan nou reeds gedoen word deur die inskrywingsvorms te voltooi en by die kerkkantoor in te handig.
Beperkte plek beskikbaar.

Materiaal moet bestel word @ R200-00 per persoon voor 31 Maart.
Vir navrae kontak gerus vir ds Heinrich by 083 566 1490.




## Inskrywingsvorm – Dissipelskapreis

| | | |
|---|---|---|
| NAAM | | |
| VAN | | |
| SELFOON | | |
| MATERIAAL @ R200-00 | A5-formaat | E-publikasie |


## Onderneming

| | |
|---|---|
| Ek onderneem om getrou voor te berei vir die groepsessies, asook om nie sonder goeie rede van die groepsessies af weg te bly nie. | |
| | |
| Handtekening | Datum |

## Vir kantoorgebruik

| | |
|---|---|
| Betaling ontvang | |

# getuienisse...




## Getuienisse van individue

Die Dissipelskapreis het my geleer om bitterheid, seer en kwaad beter te hanteer. Waar ek in baie moeilike omstandighede was, het ek geleer om met rustigheid op God te vertrou. *You are never too far gone.*

Fanie Potgieter

Die reis het opnuut bevestig dat al is jy 70 het jy steeds baie om te leer en terselftertyd ontdek jy waarhede oor jouself waarvan jy nie bewus was nie/of wat jy dalk onderdruk of ontken het.


Corrie Hugo

Die reis maak jou bewus van onnodige bagasie wat jy jare lank saamdra wat jou groei belemmer en emosioneel skade berokken. Deur die onderlinge samesyn leer ons ook van mekaar.

Wouter Hugo


Die reis het my geleer hoe om onvoorwaardelik te vergewe al het iemand my baie seer gemaak. Ek moes bagasie wat ek al jare dra in die oë kyk en dit agter my sit. Die groep het my geleer om mense weer te vertrou.

Elize Botes



## Herdersbediening en die voltydse predikante

Ons is in gesprek met van ons lidmate wat afgetrede predikante is, oor hoe ons die **HERDERSBEDIENING** in die toekoms gaan hanteer. Daar is reeds van die *emeriti* wat aangedui het dat hulle steeds op hierdie manier diensbaar sal wees in die gemeente en sodra ons meer duidelikheid het oor die aantal emeriti wat beskikbaar is, sal ons 'n sinvolle indeling van die gemeente maak en dit kommunikeer.
Intussen besef ons dat daar by lidmate (ook wyksouderlinge en dienswerkers) dalk verwarring mag wees oor wie hulle kan kontak in verband met pastorale versorging.
Daarom wil ons graag vra dat julle vrymoedigheid sal neem om vir ds Heinrich Carstens (083 566 1490) of dr Stephan Naudé (063 580 1814) te kontak. Hieronder is weer die indeling van die gemeente se wyke vir die predikante se pastorale verantwoordelikheid. Jy kan natuurlik ook die kerkkantoor kontak wat die inligting sal deurgee na die predikante.



## Nuwe Intrekkers

# Baie welkom!

*Bewys van lidmaatskap is ontvang van:*

*Gerrit André Koorsen*
***van Geref. Kerk Mosselbaai (Sb4)***
*Magdalena Margaretha O`Grady*
***van Suider - Strand (KB3)***
*Louis De La Rey en Lyndy Gersbach*
***van Meerensee (KP1)***
*Stephanus Johannes en Elsie Susanna van Vuuren* ***van Vanderbijlpark-Suid (PM1)***
*Andries Adriaan en Christine Cuyler*
***van Simondium (Ba1a)***
*Antonie Christoffel en sy dogter Chiqueta*
***van Verwoerdburgpark (PM5)***
*Rykie Bester* ***van Verwoerdburgpark (PM5)***



*Mag julle geseënd en gelukkig wees in ons gemeente. Mag julle voorwaar 'n geestelike tuiste hier by ons vind.*

# Jeugbediening






## Weeklikse Gebedsgroepe




## Mannebediening






Woensdag







Donderdag

# Neem kennis van die datums

*Ete vir Nuwe Intrekkers* - ***12 April***
*Funksie vir Bo-80's (Hangklip)* - ***16 April***
*Bid op die berg* - ***19 April***
*Funksie vir Bo-80's (Kleinmond)* - ***8 Mei***
*Hangklip-Ontbyt deur die Manne* - ***9 Mei***

***Skakel gerus die Kerkkantoor met enige navrae.***

# Kerkkantoor

## KERKKANTOORure

| Maandag - Vrydag | 10:00 - 13:00 |
|---|---|

**KONTAKBESONDERHEDE**

Telefoon: 028 271 3470
E-pos: info@ngkogelberg.co.za
Whatsapp: 076 134 7157

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

# Maandag & Donderdag

Skakel in by Kleinmondkerk in Vierde Laan met die twee kursusse wat oor 13 weke strek...

GriefShare® — Maandae om 09:30

DIVORCECare® — Donderdae om 18:00

As deel van die rouberaad-ondersteuningsgroep bied Elza Marais die 2 kursusse aan. Vir meer inligting oor die twee kursusse, kontak gerus vir Elza by 082 706 2284.

# Veels Geluk...

## Saterdag 21 Maart

Emsie Botha 082 719 1112 (Ba3)

Elsabé Oosthuizen 082 921 3930 (Sc1)

Marius Van Jaarsveld 082 849 8269 (KB3)

Johan Van Zyl 084 951 2751 (PM2)

## Sondag 22 Maart

Cornelia Avenant 072 447 1610 (Bb3)

Cecile Gildenhuys 074 111 7101 (Ba3)

## Maandag 23 Maart

Nico Austin (BB1b)

Elsabé Smit 083 607 9935 (HK3)

## Dinsdag 24 Maart

Retha Geldenhuys 082 900 8299 (PB2b)

Susan Human 079 690 8346 (Sb1)

Anke Roux (Ba2)

Elsa Swart (Sc3)

Werner Swart 083 545 9514 (KP1)

Pieter Van Rooyen (KB5)

Lee Voges 082 886 8120 (KB6)

## Woensdag 25 Maart

Hannelie Botha 078 000 9353 (PB2b)

Selma Nel 082 788 1813 (KB1)

Hannes Swanepoel 082 675 8765 (PM1)

Hennie Van Wyk 082 555 0780 (Sc4)

## Donderdag 26 Maart

Cara Coetzee (KB1)

## Vrydag 27 Maart

Morné Ahrens 082 564 3850 (PB1)

Sandra Lombard 084 549 6004 (Ba1b)

Rudi Perold 083 677 3992 (BB5)

Rina Scholtz 073 203 1487 (PB1)






## GROEPGESPREKKE | 23-28 MAART 2026

**1. Gesels bietjie saam...**

- Vertel van 'n keer toe jy vir iets gewag het wat vir jou baie belangrik was. Hoe het daardie wagtyd gevoel?
- Wat doen jy gewoonlik wanneer jy wag vir God en dit voel of Hy te lank vat
- Wat help jou gewoonlik wanneer jy hartseer of teleurgesteld is? Wat help nié? (wat maak dinge erger?)

**2. Ons storie nou...**

- Hoe reageer mense gewoonlik wanneer hulle voel God het nie hulle gebed beantwoord nie?
- Maria en Marta ervaar verlies, verwarring en selfs teleurstelling in Jesus. En ons ken ook daardie gevoel:
  - wanneer gebede wat nie "betyds" beantwoord word nie
  - in situasies wat vir ons dood lyk (verhoudings, drome, gesondheid)
- Waar in jou lewe voel dit tans "soos 'n graf" – iets wat dood of hopeloos lyk? As jy wil, noem net die emosie, nie die detail nie
- Hoe reageer jy wanneer God nie optree soos jy verwag nie? Hoe beïnvloed moeilike tye 'n mens se geloof?
- Wanneer laas het jy gevoel iemand luister regtig na jou pyn? Wat het hulle anders gedoen?

**3. God se storie...**

Lees die Johannes 11:1-45 rustig ***vooraf*** deur en as die groep bymekaar is, vra dat iemand net weer die verhaal "***vertel***". Die teks is te lank om tydens die byeenkoms te lees...

- Wat is die eerste ding wat jou opval in die verhaal van Lasarus?
- Hoekom dink jy het Jesus twee dae gewag voordat Hy gegaan het? (v.6)
- Wat sê Marta vir Jesus wanneer Hy arriveer? Wat leer ons uit haar woorde? (v.21–27)
- Wat beteken Jesus se woorde: "Ek is die opstanding en die lewe" vir jou persoonlik? (v.25)
- Hoekom dink jy is die kortste vers in die Bybel so kragtig: "Jesus het gehuil"? (v.35)
- Die verhaal help ons om 3 sake te onthou:
  - God werk met 'n groter doel
    - "Hierdie siekte is nie tot die dood nie, maar tot die eer van God."
    - Jesus sien verder as die onmiddellike krisis
  - Jesus is persoonlik betrokke
    - "Jesus het geween."
    - God is nie koud of ver nie. Hy voel saam met ons pyn

    - Jesus het mag oor lewe en dood
        - “Ek is die opstanding en die lewe.”
        - Lasarus se opwekking is ’n teken van iets groter
- Wat leer hierdie verhaal jou oor wie Jesus is?
- Wat verras jou van Jesus se optrede in hierdie storie?

**4. Hoe die Bybel ons storie verander...**

- Hierdie verhaal help ons te sien hoe God se storie ons storie verander:
    - Ons leer om anders te kyk na “einde”
        - Wat vir ons die einde lyk, is vir God nie die einde nie
        - Grafte kan plekke van God se werk word
    - Ons word genooi tot geloof, selfs in wagtyd
        - “Glo jy dit?”
        - Geloof is nie net wanneer dinge sin maak nie
        - Geloof vertrou selfs wanneer God wag
    - Ons kry ’n nuwe identiteit en hoop
        - Ons lewe nie net vir hierdie lewe nie
        - Jesus bring lewe — nou en vir ewig
- Hoe verander hierdie storie jou manier van kyk na jou huidige uitdagings?
- Wat leer hierdie verhaal jou oor God se tydsberekening?
- Wat beteken dit vir jou dat Jesus nie net oplos nie, maar ook saam huil?
- Wat beteken Jesus se woorde oor opstanding vir hoe ons oor die dood en die toekoms dink?
- Waar nooi God jou om Hom meer te vertrou?
- Wat is een ding uit hierdie verhaal wat jy hierdie week saam met jou wil neem?

**5. Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir stil of hardop gebede.**

**Ons lees dié week uit die Woord...**

Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord en oordink dit hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:

- Maandag 23 Maart - Johannes 11:1-45
- Dinsdag 24 Maart - Psalm 118:1-2 & 19-29
- Woensdag 25 Maart - Jesaja 50:4-9a
- Donderdag 26 Maart - Filippense 2:5-11
- Vrydag 27 Maart - Matteus 21:1-11
- Saterdag 28 Maart - Matteus 21:1-11